Sondag, 27 September 2020
Koninkrykstyd

Die Here gee rus (Die Here is vrede)

"Die Engel van die Here het aan hom verskyn en vir hom gesê: 'Die Here is by jou, dapper man!' Maar Gideon het vir die Engel gesê: 'Ekskuus, Meneer, maar as die Here by ons is, waarom kom al hierdie dinge oor ons? Waar is al sy magtige dade waarvan ons voorvaders ons vertel het toe hulle gesê het: 'Het die Here ons nie uit Egipte bevry nie?' Nou het die Here ons in die steek gelaat...'
Gideon het net daar 'n altaar vir die Here gebou en dit genoem: 'Die Here gee rus!'"
(Rigters 6:12-13 en 24)

Ons ontmoet 'n jongman, Gideon, uit die halwe Manasse stam wat in Israel gewoon het. Hy is in 'n parskuip, besig om koring uit te slaan. Hier is soveel dinge verkeerd met hierdie prentjie en tog gee hierdie prentjie vir ons belangrike agtergrond oor die verhaal van die rigter, Gideon, wat ons van kleintyd af goed ken. Is dit moontlik dat hierdie oorwinnende, onstuitbare Israel, wat ons saam met Josua leer ken het, binne 'n paar geslagte, 'n bang, verslane volk geword het, wat totaal uitgelewer was aan sy vyande? Hoe het dit gebeur? Rigters 6:10 sê dat dit alles te make het met die waarskuwing van Josua 24:19-20 *"Julle kan nie die Here dien nie. Hy is 'n heilige God, Hy is 'n God wat onverdeelde trou eis... As julle die Here verlaat en julle dien vreemde gode, sal Hy wat aan julle goed gedoen het, teen julle draai..."* Dit het sleg gegaan met God se volk en Gideon was maar een van die bewyse hiervan. En tog wanneer hulle na die Here roep stuur Hy 'n Rigter.

Die Here roep vir Gideon met die die woorde "Die Here is by jou, dapper man" en tog is dit hierdie woorde wat Gideon onkant betrap. Gideon se antwoord ken ons maar al te goed in ons eie dag: "As die Here dan by ons is, hoekom kom al hierdie dinge ons oor?" Here hoe is U by ons? Hoe is U by ons, as die wêreld na binne moes vlug vir 'n onsigbare vyand? Hoe is U by ons, as die een berig na die volgende deurkom van mense wat hulle lewens verloor aan die hand van wrede aanvallers? Hoe is U by ons as kinders en vroue deurloop onder geweld elke dag? Waar is die Here se magtige dade waarvan die kerk ons vertel het, hoekom sien ons niks daarvan nie? Gideon se gevolgtrekking was dat die Here hulle in die steek gelaat het.

Dit was egter op hierdie punt dat Gideon moes uitvind dat hy die Here nooit werklik geken het nie. Die Here was toe al die tyd by hulle. God se geduld en Sy teenwoordigheid by Gideon laat hom die Here ontmoet vir wie hy noem – **Die Here gee rus** of **Die Here is vrede!** As die Here vrede is en by ons is – wat sou dit kon beteken vir mense wat Hom vandag so leer ken?

Ds. Johan Marais.

Hartlik welkom by ons erediens vanoggend, gelei deur ds. Johan Marais en ons orrelis dr. Johan Cromhout. Die erediens is ook vooraf opgeneem en word via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *YouTube-kanaal* na alle lidmate uitgestuur.

Eredienste volgende Sondae:

Sondag, 27 September	18:00 – ds. Jan Lubbe (Taizé)
Sondag, 4 Oktober	09:30 – ds. Jan Lubbe
Sondag, 11 Oktober	09:30 – ds. Jan Lubbe
	15:00 – teol.std. Steve Bopane (Sothodiens)

Vir volgende Sondag, 4 Oktober, nooi ons lidmate uit **Wyke 1-9** (Dan Pienaar) om die oggenddiens by te woon. Lidmate wat nie in die afgelope 14 dae positief getoets is vir Covid-19 of in kontak met so-iemand was; wat nie tipiese griepsimptome, erge moegheid of naarheid beleef en wat nie ly aan ko-morbiditeite soos diabetes nie om die erediens by te woon. Ons kan ± 150 lidmate in die erediens akkomodeer en diegene wat dit wil bywoon moet vóór Vrydag, 2 Oktober 12:00 jou naam, van en die getal persone sms of whatsapp na 073 180 3193 om u sitplek te "bespreek". Onthou jou masker. Tydens die diens geld die gewone voorsorgmaatreëls (afstand, handreiniging, masker).

LITURGIE

Votum:	Ps. 5:1 & 3 Gee, Here, aan my woorde aandag Ps. 5:12-13
Seëngroet:	
Loflied:	Lied 198:1,2 & 3 God is my lied
Verootmoediging:	Josua 24:19-20 & Rigters 6:1
Danklied:	Lied 245:1 Ek wat vergifnis, Heer, ontvang het
Gebed:	Ps. 19: 8-12
Skriflesing:	Rigters 6:1-6; 11-24 (lees gerus ook die res van die verhaal tot aan die einde van Rigters 8)
Woordverkondiging:	
Gebed:	
Slotlied:	Lied 514:1 & 2 Ek weet vir seker
Seën:	
Orrelnaspel:	Lied 245 Ek wat vergifnis, Heer, ontvang het Verwerking: I J Grové

Met opregte dank aan die volgende persone vir die versorging en uitstuur van die erediens: Dr. Johan Cromhout, Danie Joubert, RW Adendorff, Leonie Kuhn (blomme), Adri van der Berg en Rita van Zyl.

EREDIENS- EN DEURKOLLEKTES:
U kan ‘n eredienskollekte na Berg-en-Dal oorbetaal deur ‘n elektroniese betaling via die internet te doen of per snapscan soos aan die einde van hierdie *Fokus*. Dit gaan vir die instandhouding van ons eredienste en ander werksaamhede, ook noodleniging in hierdie tyd. Ons betaal elke Sondag daaruit ‘n bedrag van R 1 000 oor aan die betrokke instansie of projek soos op ons program vir deurkollektes aangedui, sodat daardie werk ook kan voortgaan. Vandag, 27 September, is die deurkollekte vir CLF (Christelike Lektuurfonds). Dankie vir jou bydrae en gebed vir al hierdie werk.

MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

27 Sep	Nell van Zyl en Jacques Pretorius.
28 Sep	Corrie Hoffman, Raaitjie Oosthuizen, Celia van Tonder, Velka Laubscher, Chantel van Zyl, Heike Oosthuysen en Aneléh van de Wall.
29 Sep	Alfréda Schutte en Millah Smith.
30 Sep	Daleen Francis, Marieta Barnard, Jan Schepers, Henru de Wet en Shaun Van Zyl.
01 Okt	Ezelle Samuel, Diaan van der Walt en Marguarite von Wielligh.
02 Okt	Ammerentia Heenop.
03 Okt	Luan Koekemoer, Karen Scheepers, Pieter v/d Berg en Johan v Rooyen.

Ons dink in gebed aan lidmate wat siek is, in hospitale of tuis: Jan Swanepoel (Villa del Sol 5, wyk 11b); Ampie Human (SeweDamme, wyk 8a); Nadiha Visser (Van Schoorstr. 31, wyk 3a); Tannie René v/d Walt (Siësta, wyk 10); Linette Peltzer (Camelot 8, wyk 16); Oom Hendrik Smith (Striata, wyk 13); Magda van Wyk (Wild Olive Heights 1, wyk 18b); Maryna Spies (Mockestr. 6, wyk 9b); Tannie Mietzie Bezuidenhout (Poulteneystr. 12, wyk 6a) en Beatrice Carshagen (wyk 12). Ons dank God dat die Covid 19-storm besig is om by ons verby te trek; ons bid vir beterskap en herstel by almal en orals waar dit ‘n beproewing was...

Ons meelewing gaan aan Tannie Nicolene Pretorius, Oom Mornay en familie (Waverleyweg 130, wyk 20a), by die heengaan van haar broer – ons bid jul troos toe.

BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES
Die Mannegebedsgroep tree steeds vir ons gemeente, land en mense in – kontak ds. Johan indien jy ook die gebedsversoeke per whatsapp wil ontvang.
‘n Gemeentegebedsgroep bid gereeld saam oor aktuele sake vir ons land – kontak Elise Ferreira (082 846 2574) om meer inligting te ontvang.
Die Woensdagaand-Bybelstudiegroep sluit hierdie week af met die **Profeet Jona**. ‘n Werksbladsy en kort inleiding word Woensdagaande per whatsapp aangestuur vir jou stiltetyd. As jy hierby wil inskakel, stuur ‘n boodskap na ds. Jan by 082 784 9362.

KERKRAADSAKE

Pastorale sorg:
Wyke 1-10 – ds. Jan Lubbe (082 784 9362)
Wyke 11-20 – ds. Johan Marais (084 517 8052)

As leraars (en ouderlinge) wil ons lidmate graag pastoraal bystaan en bemoedig; indien daar 'n behoefte vir pastorale ondersteuning of gesprek is, kontak ons.

Gasvryheidsbeurte, sorg-en-omgee:
Wyke 9 (Blok wes van Hoërskool Sentraal) en **11** (Blok suidwes van Johieshof) is in Oktober verantwoordelik vir ons gasvryheid, sorg en omgee. Baie dankie aan Wyke 7 en 8 vir jul hulp gedurende September. Indien u hierby betrokke wil raak, kontak vir Rita van Zyl, ons kantoorbestuurder – dankie.

Kantoorure:

Maandae, 09:00-12:00	Rita van Zyl
Vrydae, 09:00-12:00	Adri van den Berg

Alle personeellede is deurgaans per epos of selfoon bereikbaar.

BEDIENINGE

Vir ons eredienste en kategese volg ons tans die beskikbare skoolkalender vir die 3e kwartaal wat tot 23 Oktober strek; die 4e kwartaal begin op 2 November.

JEUGBEDIENING
Kategese:
Vir volgende Sondag, 4 Oktober, nooi ons alle Seniors (Grade 5 tot 11) vir hul kategese om 10:30. Alle Juniors word uitgenooi vir hul kategese die Sondag daarná, 11 Oktober; ds. Johan en sy belydenisgroep (Gr. 11) kamp ook daardie naweek op Menuha.

GETUIENISBEDIENING (met brood en Woord)
Siësta Tehuis vir Bejaardes: Indien u 'n bydrae wil maak ter verligting van nood by Siësta, kontak Hannah Geyser (084-767-2817) of ds. Jan (082-784-9362).

NG Kerk Berg-en-Dal
ABSA
Tjekrekening 470-580-011

SnapScan

Op berge en in dale,
oral voor Gods aangesig.

Besoek gerus die CLF Boekwinkel by Tweetoringkerk vir 'n verskeidenheid van geskenke en Christelike pamflette en boeke in verskillende tale.